Nuusbrief 10 / 24 Mei 2024

MIDSTREAM RIDGE
EXCELLENTIA

# RAKKER

Respek / Respect
Authentic / Oorspronklik
Kreatief / Creative
Kommunikasie / Communication
Entoesiasme / Enthusiastic
Responsibility / Verantwoordelikheid

> "Vriendskap is 'n geskenk wat jy jouself gee"
> -Robert Louw Stevenson-

## Uit die Hoof se Kantoor

Beste Ouers

Vriendskap is een van die kosbaarste geskenke wat ons in die lewe kan hê. Dit is boustene in ons emosionele welstand, en 'n bron van vreugde en ondersteuning. Vriendskappe bied nie net 'n sterk ondersteuningsnetwerk nie, maar dit gee ook betekenis aan ons bestaan. Dit is opbouend om 'n goeie vriend te hê, sowel as om 'n goeie vriend vir ander te wees. Die waarde van vriendskappe het 'n direkte invloed op ons algehele welstand en gemoedstoestand. Dit is 'n riem onder die hart om van die klaskamer tot die sportveld tot by 'n Versfees te sien hoe ons leerders mekaar ondersteun, bemoedig en aanmoedig.

Juffrou Natasha Hollander is met kraamverlof en juffrou Nadine Willemse, wat al 'n geruime tyd saam met die klas werk, het by haar oorgeneem.

Baie dankie aan elke ouer se betrokkenheid by AL ons skoolaktiwiteite, dit word opreg waardeer.

Ons herinner u dat die skool Woensdag 29 Mei, vir Stemdag gesluit is.
Die skool sal ook op Vrydag 14 Junie om **10:00**, vir die skoolvakansie sluit.

Datums op die kalender verander ongelukkig as gevolg van omstandighede buite ons beheer. MRP maak hoofsaaklik van *Google Classroom* gebruik om belangrike veranderinge en nuus aan ouers te kommunikeer. Die opgedateerde kalender vir die betrokke maand word ook in elke nuusbrief geplaas.

### Rakker se Aanlynvraagstuk | 'n Familie Avontuur in Aanlynveiligheid | 'n Moet vir elke Gesin

MRP is baie opgewonde om hierdie gesamentlike leeravontuur aan te pak.
Volg die skakel vir die agtergrond inligting: **INLIGTING**

**BELANGRIKE DATUMS:**

27 en 28 Mei Onderwysersessie
3 Junie 20:00 Gr. 7-Oueraanlynsessie
4 Junie 20:00 Gr. 5 & 6-Oueraanlynsessie
5 Junie 20:00 Gr. 3 & 4-Oueraanlynsessie
6 Junie 20:00 Gr. 1 & 2-Oueraanlynsessie

7 Junie Gr. 1-3 leerdergroepsessie
7 Junie Gr. 4-7 leerdergroepsessie

10-14 Junie Pretaktiwiteite
10 Junie Bewuswording
11 Junie Emojipret
12 Junie Digitale Superhero's Kostuumdag
13 Junie Veiligheid Protokol Muurkuns



# INLIGTING

[BLGG Studiemetodes] [Mei & Junie 2024]

OPGEDATEERDE KALENDER VIR DIE MAAND

## ONTVANGS

Die versoeke van ouers aan Vera om items by kinders te besorg het ongelukkig nie afgeneem nie. Voortaan sal daar 'n tafel buite die ontvangs wees. As u iets vir u kind wil aflewer, maak seker die item is duidelik met die kind se naam en klas gemerk. Indien 'n leerder iets vergeet het, kan hul dan self op die tafel kom kyk of daar iets vir hulle is.

## EDANA-TOEP

Ons skool se selfoontoepassing vir kommunikasie, is opgedateer en lyk nou anders. Volg asseblief die onderstaande skakel vir 'n gids om die nuwe toepassing af te laai. Dié toepassing gaan vanaf 1 Julie 2024, in volle werking tree, maar kan reeds op u selfoon geïnstalleer word.

EDANAGIDS

## MANDELADAG

Op Vrydag 19 Julie vier ons Mandeladag by *Midstream Ridge Laerskool*. U is welkom om bottels na die registerklasse te bring, maar geen bestanddele mag aangekoop word totdat klasonderwysers so versoek nie. Volg asseblief die skakel vir verdere inligting: MANDELADAG




Teken dit aan op u kalenders.....
7 September! *SpringFest* is op pad en dit gaan fantasties wees. Bly ingeskakel vir opwindende aankondigings. Moenie hierdie onvergeetlike gebeurtenis misloop nie!



# RAKKER-WISKUNDESTERRE

## *A+ MATHS*-UITSLAE

Baie geluk aan die volgende leerders met hul puik prestasie tydens die ***A+ Wiskunde Streekskompetisie*** wat op Saterdag, 18 Mei by *Pinnacle College* plaasgevind het. Ongeveer 400 leerders van Pretoria streke het deelgeneem. Ons is baie trots op hierdie leerders.

| NAAM | GRAAD | EKSAMENVLAK | TOEKENNING |
|---|---|---|---|
| Thusano Nengwenani | 1E3 | Boek 5 | Silwer |
| Daniël du Plessis | 1A3 | Boek 5 | Brons |
| Riley van Wyk | 1A2 | Boek 5 | Silwer |
| Miané van Deventer | 1A1 | Boek 6 | Goud |
| Riley Basson | 1E1 | Boek 6 | Kampioen |
| Zavion van Zyl | 2A3 | Boek 6 | Kampioen |
| Thompho Nengwenani | 2E1 | Boek 6 | Kampioen |
| Raemi Naidoo | 1E3 | Boek 7 | Kampioen van Kampioene |
| Franco Joubert | 1A3 | Boek 7 | Kampioen |
| Blake Truter | 1A1 | Boek 7 | Silwer |
| Danika Smit | 2A1 | Boek 7 | Silwer |
| Tayla Melly | 1E2 | Boek 7 | Brons |
| Rania Solomons | 2E2 | Boek 7 | Kampioen van Kampioene |
| Angulo Myakayaka | 2E2 | Boek 7 | Kampioen |
| Leo Melamed | 2A1 | Boek 7 | Goud |
| Kiana Thakurpersad | 2E3 | Boek 8 | Silwer |
| Mosebo Mojapelo | 3E1 | Boek 8 | Silwer |
| Luphawu Siko | 3E2 | Boek 8 | Silwer |
| Mia Moggee | 3A1 | Boek 8 | Silwer |
| Markus de Jager | 3A1 | Boek 8 | Brons |
| Christine Clark | 3A1 | Boek 9 | Kampioen |
| Mufunwa Dzivhani | 3E3 | Boek 9 | Gold |
| Ruben du Plessis | 3A3 | 10de Kyu | Silwer |
| Markus Smit | 3A3 | 10de Kyu | Silwer |
| Logan Kotzee | 3A2 | 10de Kyu | Goud |
| Karla van Deventer | 4A1 | 10de Kyu | Brons |
| Imitha Tywabi-Mtshontshi | 4E1 | 10de Kyu | Goud |
| Matthew Basson | 4A1 | 10de Kyu | Kampioen |
| Clara Rozendaal | 3A2 | 9de Kyu | Kampioen van Kampioene |
| Michelle Rudolph | 4A1 | 7de Kyu | Kamipoen |
| Emma Roets | 4A3 | 7de Kyu | Goud |
| Christo van der Merwe | 6E3 | 7de Kyu | Brons |
| Li- Ané Starke | 5A2 | 6de Kyu | Kampioen |
| Xander Coetzee | 5A1 | 6de Kyu | Goud |
| Uthmaan Sahib | 5E1 | 6de Kyu | Goud |
| Kian Rozendaal | 5A3 | 6de Kyu | Silwer |
| Simoné Clark | 6A3 | 6de Kyu | Goud |

# RAKKER-WISKUNDESTERRE ...... vervolg

## HORIZON WISKUNDE

Wiskunde skep wonderlike geleenthede wanneer mens 'n probleem oplos, 'n beter oplossing ontdek, of wanneer jy bewus word van nuwe konneksies. Dit is presies wat ses van ons leerders by die *Horizon Wiskunde Kompetisie* 2024, gedoen het. 'n Prysuitdeling om erkening te gee aan die Top-100 leerders van Pretoria, is gehou. Ons wil graag die volgende leerders met hul puik prestasies, gelukwens:

Reuben le Roux - 83ste
Meldt van der Spuy 62ste
Neha Naidoo – 48ste
Elmiah van der Merwe – 36ste
James du Preez – 30ste
Esli van Aswegen – 11de




# RAKKER-KOORSTERRE

Baie geluk aan ons MiniMonics (Juniorkoor) wat 'n goue toekenning by die ATKV-Applouskompetisie behaal het. Ridge Harmonics (Seniorkoor) het wat 'n silwer toekenning behaal. Ons is uiters trots op hulle!




